

Woensdag 5 Julie

Skrifgedeelte: Jeremia 17:1-8; Psalm 1 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Jeremia 17:8

Gelowiges hou nie op om vrugte te dra nie!

Die bekende Psalm 1 wys op twee paaie wat 'n mens met jou lewenswyse kan volg. Daar is die pad van die regverdiges of gelowiges, en die pad van die goddeloses of ongelowiges.

Albei hierdie paaie het gevolge. Die pad van die gelowige het goeie gevolge en die pad van die ongelowige het slegte gevolge. Tragies dat die volk van die HERE, Juda, die slegte pad gevolg het! Hulle sonde is onuitwisbaar in hulle eie harte uitgekrap. Dit het onweerlegbaar duidelik geword in hulle godsdiens (17:1, 2) en ook in hulle lewe – hulle vertrou op mense (17:5) en nie op die HERE nie.

Daarom sal die HERE hulle in die hand van hulle vyande oorgee (17:4). Juda het die straf van die HERE oor hulleself gebring. Hulle het nutteloos geword soos 'n kaal en droë bossie in die woestyn (17:6). Hulle het geword “soos kaf wat die wind verstrooi” (Ps. 1:4) – soos ongelowiges!

Aan die ander kant – gelowiges se lewe is geseënd. Hulle gebruik hulle hele lewe om hulle vertroue op die HERE sigbaar te maak (17:7). Gelowiges dra vrugte van gehoorsame diens aan Hom. Gelowiges is vir Hom soos nuttige bome “wat by water geplant is” (17:8; Ps. 1:3).

Daarom dra gelowiges vrugte en hou aan vrugte dra – elke dag van hulle lewe!

Ons moet die beeld goed begryp: Ons (gelowiges) kán net vrugte dra om-dat God ons by die waterstrome van sy genade geplant het. Hy het ons deur Christus losgekoop uit die woestyn van ons sonde. Deur die Heilige Gees het Hy ons in die vrugbare grond van sy genade ingeplant.

Daarom kán ons nie anders nie – en deur die genade van die Heilige Gees wil ons ook nie anders nie – ons kán en wíl nie ophou om tot sy eer vrugte te dra nie. Ons kán en wíl daarmee aanhou – elke dag en heeldag en tot in ewigheid!

Sing: Psalm 92:6, 7 (1936)

Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom/Virginia/Bothaville)